


# St. Martha

## 29 Julie

Sy was die suster van Lasarus en Maria van Betanië, hulle was almal goeie vriende van die Here Jesus. Sy was duidelik 'n bedrywige en gasvrye huisvrou en daarop ingestel om ander mense diensbaar te wees. Toe haar broer sterf kom die krag van haar geloof in Jesus na vore: "*Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou weet ek dat wat U ook al van God vra, God vir U sal gee.*" (Joh 11:22). Verder bely sy: "*Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, Hy wat na die wêreld kom.*" (Joh. 11:27) Sy was iemand wat bereid was om by die Here te leer wat werklik van waarde in die lewe is.

© Die Oratorium Uitgewery